

BEROEPENUUS—13 Okt. 2013**Beroepe aanvaar**

Ds. JH Grobler van Louis Trichardt na Bloemfontein-Suidheuwels/Reddersburg kombinasie
Ds. JG Noëth van Kimberley na Totiusdal met spesiale opdrag Christelike onderwys

Beroepe bedank

Ds. JA Berg van Vaalwater na Rietvallei as medeleraar
Ds. SFF van der Walt van Kathu/Olifantshoek-kombinasie na Koster

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is muriel@muriel.co.za. Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

TINKINKIETAAL VAN TOTIUS—deur wyle prof. PW Buys (3) *vervolg van verlede week* (Uit HANDHAAF Maart 1977)

Hoe het Totius self oor die saak van roeping gevoel? By die lees van 'n rede met die titel **Ons roeping en toekomst** wat hy 1909 (toe by nog 'n jong man was) by 'n kerklike feesgeleentheid gehou het, kry 'n mens 'n pragtige insig in wat moontlik die sterkste dryfveer in die lewe van hierdie ontsaglik arbeidsame, diensvaardige mens was. "Die woord roeping", sê hy, "klink soos krygsmusiek in die ore van die Gereformeerde belyer. Krygsmusiek dien om die stryder in 'n opgewekte en stryd lustige stemming te bring of hom, as hy moeg en moedeloos is, tot vernieuwe aanval aan te wakker." Hy wys daarop dat die idee van roeping iets spesifiek Calvinisties is. Die Pelagiaan, Remonstrant en Metodis het 'n **keuse**, omdat hulle aan die vrye wil van die mens glo, maar die Calvinis, wat in die uitverkiesing glo, praat van 'n **roeping**. (Dit laat 'n mens wonder in hoeverre die uitdaging waarvan jy deesdae so baie hoor, 'n uiting van humanisme is.) Luister na die gespierde, manlike taal: "Waar die vrye wil sy septer swaai, word die krag van die roeping nie meer gevoel nie. Dit is dan ook geen wonder nie dat die woord roeping selfs by baie van ons 'n leë klank geword het. Die prikkel om te werk is afgestomp. Die heilige krygsmusiek swyg, en wie stryder moet wees, is 'n arme dromer ... Om deur God **geroep te wees** en tog nog **te slaap** – is daar 'n groter teenstrydigheid denkbaar?" *Word vervolg...*

14/10– Frikkie Knoesen 0834288227	18/10– Machiel Buys 0726633219
14/10– Marinus Wiechers 0722144202	18/10– Gert van der Walt 0828011188
16/10– Karien Venter 0823255466	20/10– Christine Beyneveldt 0760375721
17/10– Ethel Holtzhausen 0833774675	20/10– Johnny Schmidt 0834699641
17/10– Ethal Howard 0123236422	20/10– Elsa van der Linde 0725914707
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Dis waar wat die spreekwoord sê: "Trou is nie perdekoop nie." Dis meer nes perderuil; weerskante se foute word weggesteek. – CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF

www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287
Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

13 Oktober 2013



EERSTE EREDIENS—(9h00)

Skriflesing: Mattheus 13:24-30;36-43

Teks: Mattheus 13:30

Sing: Ps. 8:2,4; Ps. 32:5; Ps. 60:4;
Ps. 78:1,23

LAAT HULLE SAAMGROEI

Hierdie gelykenis bevat eintlik iets van 'n ontsteltenis. Dit gryp diep, die koninkryk van God word direk hierdeur geraak. Dit sal dan ons eerste punt wees, watter ingrype vind hier plaas?

In die tweede plek die regstelling, die remedie, wat die mens in die tussentyd daar wil stel.

In die laaste plek dan word ons daarop gewys wat God se bedoeling is, nie net met goeie saad nie, maar ook met die slegte onkruid.

KATKISASIE— Katkisasie gaan voort

TWEDE EREDIENS— (ná katkisasie)

(Bevestiging van 'n ouderling)

Skriflesing: Kolossense 3:1-17;
Mattheus 12:43-45; Markus 2:21-22

Kategismus: Sondag 33

Sing: Ps. 104:1,8,9; Ps. 139:1,11;
Ps. 19:4; Ps. 134:4

MAAK DOOD DIE OU MENS!

In ons belydenis is dit baie duidelik die ou mens kan nie nuutgemaak of verbeter word nie. Daar is maar net een ding wat met die ou mens in my gedoen moet word. Hy moet doodgemaak, gekruisig, begrawe word.

In Kolossense 3 word bekering beskryf as 'n duidelike opdrag. So staan dit in vers 5 – *Maak dood julle lede wat op die aarde is*. Dit is die harde eis van bekering.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag-Wyke 1 en 2
Ouderlinge: Deon Vosloo en Koos van der Merwe
Diakens: Chris Putter

Volgende Sondag (20/10) – Wyke 4 en 5

Ouderlinge: Frik Eloff
Diakens: Francois Keulder en Wynand Du Venage

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Sr Maryna Theunissen het geval. Onder omstandighede gaan dit darem al beter. Sy het haar ribbetjie en linkerarm en bene wat alreeds onder behandeling was seergemaak. Ons vertrou dat daar vir haar ook weer spoedige beterskap mag kom. **Ds. Andries Mulder** het die knie en been wat al so baie probleme gegee het, weer onsteek. Ons gebed is dat die Here 'n verskil sal maak en dat die terugslae met die been nou mag verander en hy mag genees. **Sr Marthie Steyn** het groot terugslag weer in haar gesondheid gehad. Sy is tans in n aansterkeenheid waar ons hoop sy haar kragte mag herwin. **Br. Kallie Tromp** is ons dankbaar om te meld dat dit met hom beter gaan. Mag die medikasie geseën wees om dan werklik ook vir hom tot n seën te wees, na hierdie weke van groot swaarkry en terugslae. Aan hom en sr Amanda word die krag van die Here toegebid. **Br Phil van der Merwe** wat weer deur 'n hele proses van kanker-behandeling moes gaan se gesondheid verkeer onder groot druk. Hy is weer tuis maar dit gaan swaar en hy is baie swak. Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd. **Sr Margaretha Coetzee** word volle herstel toegebid na die knieervangingsoperasie. Ons bid haar volkome herstel toe, ook met die oog op n operasie vir die ander knie. **Sr Amelia Boshoff** het 'n groot rugoperasie ondergaan. Sy is ook tuis. Mag die operasie geslaagd wees en sy volkome herstel. **Sr Margriet Venter** se ma het geval en baie seergekry. Ons dink ook aan haar en almal wat haar moet bystaan. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. Sy het ook hierdie week verjaar. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

KOEKIE-PROJEK VIR OUER LIDMATE

Sr Annatjie Badenhorst bestuur die koekieprojek vir ons bejaardes. Al die susters wat kan help bak word versoek om met haar kontak te maak. Soos in die verlede doen ons dan ook weer "n beroep op almal wat kan bydra om bestanddele of kontant te skenk om die projek vir ons ouer mense moontlik te maak. Sr Annatjie kan gekontak word by 0798874954.

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Bybelver-spreiding
2de diens	DVB	Intand-houding
20/10/2013 1ste diens	DVB	Bybelver-spreiding
2de diens	DVB	Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
Vandag	Diakonie-verg.
22/10	Finans en advies-verg
24/10	Kerkraadsverg
24/10	Huwelik-Br Lukas de Beer en sr Alicia Schalekamp
14/11	Oudle- vergd
17/11	Voorbereiding
19-20/11	Streeksinode Lyttelton
24/11	Nagmaal en Nabetragting

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae. Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

ZAMBIË– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die die kerkverband aangegroei tot R102 000. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. <http://bit.ly/105wmGY> As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week
MATTHEÛS 6:17
6:17, salf . . . was – Om te vas is om ook te bid. Vas is 'n middel om beter in die gebed te konsentreer. Totius vergelyk dit met Gandhi se vas, waarmee hy net bedoel het om op te hou eet tot sy volk vrede maak met mekaar, of om te sterf in die proses. Dit was eintlik 'n voorneme tot selfmoord – nie vas voor God nie, nie toewyding in gebed nie.
 Jesus leer die teendeel. Die uiterlike tekens van die Jode moet nie gebruik word nie. Hulle kan hulle liever salf. Dan vertoon hulle nie die droefheid wat die Jode wou uitdruk nie, maar eerder vreugde.
6:18, verborgene – Soos met die gebed, word vas verbind met 'n stille, private omgang met God.
6:19-20, op die aarde – Die voorafgaande gedeelte oor liefdadigheid, gebed en vas word duidelik gemaak in die volgende verse. Dit sal ook geld vir alles in die lewe. Moenie aards-gerig lewe nie, maar bedink en beleef dit wat daarbo is.
Mot en roes - Alles wat op die aarde bestaan, is aan verval onderworpe. Dit is onbelangrik teenoor die ewige erfenis van God se Koninkryk. Die grootste rykdom hier is steeds niks vergeleke by die geestelike erfenis wat die HERE gee nie. Die armste gelowige is ryker as die rykste ongelowige. Ook die mense se guns en eer is niks teenoor die genade om kinders van die hemelse Vader te wees. Die seëninge van die saligsprekinge kom telkens weer na vore.
Inbreek en steel – Letterlik *deur*-breek. Met die modderhuise van baie mense was in-braak iets makliks. Net so weerloos as 'n modderhuis teen skade, is die grootste besittings. God se gawes sal egter nooit vergaan nie.
6:21, skat . . . hart – Die vergader van hemelse gawes dra in hierdie lewe reeds groot geestelike seën: binding aan God. "Die materialis se aandag is by sy belange en nie by God nie" (BVA).
Jou skat – Christus spreek elke gelowige persoonlik aan.
6:22-23, lamp . . . oog – Nou gebruik Christus lig in 'n ander beeld as in 5:14-16. Die oog word as simbool gebruik vir die uitkyk van die mense

se gees na wat om hom is. Soos 'n mens se oog die omgewing opneem, so is ook jou gees. As die gees op die aardse dinge gerig is, sal dit wil aanpas by die aardse, bv in geldsgug. Is die gees gerig op die hemelse, sal dit die belangrikste vir ons wees.
 Soos 'n oog lig opvang, sal die gees ook opvang. Die gelowige gees sal verlig word deur God. Die verkeerd gerigte gees sal die donkerte, die sondige, begeer. As die oog, wat lig moet opvang, net donkerte opvang, hoe donker sal dit nie wees nie!
6:24, twee here dien – Hierdie woorde het Jesus ook gebruik ná die gelykenis van die onregverdig dienskneg. Net soos in die vorige verse oor die oog, gaan dit oor die ernstige en toegewyde hart. Tweeslagtigheid in godsdiens is net so onmoontlik as om twee meesters te dien. Soos 'n dienskneg die een of die ander meester sal bevoordeel met sy diens, sal dit ook gaan met iemand wat God nie met sy hele hart wil dien nie. Mammon, die "geldgod" se naam word deur Jesus gebruik in die vergelyking om die trekrag van aardse goed te teken. Daarmee skakel Hy aan by wat in v 19 staan oor die aardse skatte. Hy veroordeel nie dat mense die voorspoed geniet wat God hulle gee nie, maar dat die mens sy vertrou van God aftrek en op sy besittings vertrou.
 Psalmboeke. Waar van pas, kan die verklarende in die beryming moontlik in die behandeling van die volgende verse hierna ingewerk word. (Berymings is dikwels ook verklaring.)
6:25, kwel oor julle lewe – As troos oor wat vooraf gesê is oor binding aan aardse dinge, bring Christus ons nou daarby dat ons nie kommer moet dra oor ons behoeftes nie. Steeds word bedoel dat meer aandag aan die geestelike lewe gegee moet word as aan voedsel en drank. God weet wat nodig is vir die aardse bestaan.
6:26, voëls van die hemel – As voorbeeld van God se alles omvattende sorg word eers die voëls genoem. Die mens is tog meer werd. Kommer is nie nodig nie.
6:27, kwel – Sien die nodeloosheid van kommer raak. Net so min as wat kommer mens sal langer maak, sal kwel jou lewe verleng. Die gelowige wat hom heelyd bekommer oor die aardse, is soos 'n heiden wat bid, maar uit ervaring weet sy "gode" sal nie sorg nie.
Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

9 Okt. 1847– ds. SJ du Toit gebore; 9 Okt. 1881– Ds. Dirk van der Hoff oorlede; 10 Okt. 1825– Paul Kruger gebore; 11 Okt. 1531– Dood van Ulrich Zwingli; 11 okt. 1858– Ds. Dirk Postma word in Pietermaritzburg gaan haal; 13 Okt. 1867– Eerste diamant in SA gevind; 14 Okt. 1834– Afskeiding van Christelik Gerf kerk Ulrum in Nederland; 19 Okt. 1687- Eerste kerkgebou op Stellenbosch deur Simon van der Stel ingewy; 22 Okt. 1685– Edik van Nantes herroep; 22 Okt. 1847– Genl. JH de la Rey gebore; 25 Okt. 1838– Louis Trichard oorlede; 26 Okt. 1854– Die Makopane moorde, waar Hermanus Potgieter– genl. AH Potgieter se broer vermoor is; 28 Okt. 1629–Maria van Riebeeck gebore; 29 Okt. 1944– Afrikaanse Psalmberymings in ontvangs geneem; 31 Okt. 1517–Martin Luther spyker sy 95 stelling teen kerkdeur vas